Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

**PUNTE-TOTAAL**

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

# AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL: VRAESTEL I

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur

100 punte

---

**SLEGS VIR EKSAMENGEBRUIK: NASIENER MOET PUNTE INVUL**

| | V1 | V2 | V3 | V4 | V5 | V6 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punt** | | | | | | | |
| **Nasiener: voorletters** | | | | | | | |
| **Gemodereerde punt** | | | | | | | |
| **Moderator: voorletters** | | | | | | | |
| **Vraagtotaal** | **25** | **15** | **15** | **25** | **10** | **10** | |
| **Hernasien** | | | | | | | |
| **Voorletters** | | | | | | | |
| **Kode** | | | | | | | |

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye en 'n Addendum van 11 bladsye (i–xi). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar ses vrae:

   VRAAG 1: Leesbegrip (25 punte)
   VRAAG 2: Voorbereide gedigte (15 punte)
   VRAAG 3: Ongesiene en gesiene gedigte (15 punte)
   VRAAG 4: Kritiese geletterdheid (25 punte)
   VRAAG 5: Redigeringsvaardighede (10 punte)
   VRAAG 6: Opsomming (10 punte)

3. Al die vrae is verpligtend.

4. Lees die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let op die puntetoekenning by elke vraag en gebruik dit as riglyn vir die antwoord se lengte.

IEB Copyright © 2023

5. Langs die nommer van sommige vrae kom die afkorting **MS voor.** Dit beteken dat daardie spesifieke vraag volgens 'n **metingskaal** nagesien sal word. Jou antwoord moet 'n uitgebreide paragraaf wees, aangesien jou vermoë om te argumenteer en inligting te integreer, beoordeel sal word.

6. Skenk aandag aan taalversorging.

7. Vier blanko bladsye (bladsy 21–24) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 1 LEESBEGRIP

Lees die rubriek "'n Kind het ons gewaarsku" deur Koos Kombuis (Teks 1A in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

1.1 Hoe slaag die skrywer daarin om reeds met die intrapslag die leser te laat voel asof daar met hom/haar persoonlik gepraat word? Betrek die titel asook die eerste paragraaf in jou antwoord.

(2)

1.2 Verduidelik in jou eie woorde wat 'n "kopspeletjie" is waarna in paragraaf 2 verwys word.

(1)

1.3 Skep jou eie goeie Afrikaanse benaming vir "doom porn". Maak seker jy behou die betekenis wat in paragraaf 3 daaraan gegee word.

(1)

1.4 Die skrywer maak die stelling dat daar "van die vroegste tye af" reeds "doom porn"-uitlatings gemaak word. Waarom begin hy dan sy argument eers by die tydperk van die eerste Christene?

(1)

1.5 Wat is die onderliggende boodskap in paragraaf 5 en hoe dra die keuse van spesifieke woorde in die paragraaf by tot die onderliggende boodskap daarvan? Ondersteun jou antwoord met verwysing na spesifieke woorde.

(2)

IEB Copyright © 2023

1.6 Die woord "turbulent" beteken onstuimig, rumoerig, oproerig of woelig. Verduidelik hoe die voorbeelde wat die skrywer aan die begin van paragraaf 7 noem hierdie betekenis onderskryf.

(1)

1.7 Watter kontras word in paragraaf 2 geskep tussen die 19de en 20ste eeu?

(1)

1.8 Wat is 'n **massa-psigose**? Verduidelik in jou eie woorde aan die hand van paragraaf 8.

(1)

1.9 Verduidelik hoe die inhoud van paragrawe 8 en 9 opbou na 'n klimaks in paragraaf 10. Betrek die bespreking van tydspronge in jou antwoord.

(2)

1.10 Die skrywer kom ná 'n baie lang aanloop eers in paragraaf 10 by die werklike onderwerp van sy skrywe uit. Motiveer waarom hierdie lang aanloop na jou mening funksioneel is al dan nie.

(1)

1.11 Die woord MENSGEMAAKTE in paragraaf 12 word met rede in hoofletters geskryf. Wat is dit wat die skrywer wil beklemtoon met die gebruik van die hoofletters?

(1)

IEB Copyright © 2023

1.12 1.12.1 Paragrawe 14 tot 16 word op besondere wyse beklemtoon. Benoem die tegnieke wat die spreker (verteller) aanwend om hierdie beklemtoning te bewerk.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(2)

1.12.2 Waarom is hierdie tegnieke so effektief as beklemtoning?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(1)

1.13 Dink jy die verwysing na die Bybel in paragraaf 14 is effektief? Motiveer jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(1)

1.14 Beskou die skrywer, na jou mening, Greta Thunberg se voorspellings as deel van die "doom porn" van paragraaf 3? Ondersteun jou antwoord met 'n bewys uit die teks. Let wel, gebruik jou eie woorde en moenie net aanhaal nie.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(1)

1.15 Die laaste sin van die teks kan op verskeie maniere geïnterpreteer word deur verskillende woorde te beklemtoon. Watter woord sou JY in die sin beklemtoon? Verduidelik waarom die spesifieke woord vir jou van betekenis is.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(1)

1.16 Die beletselteken (stippels, ellips) wat in die titel gebruik word, dui aan dat die spreker se sin nie voltooi is nie. Skryf, nadat jy nou die teks goed bestudeer het, die sin neer en voltooi die spreker se gedagte in nie meer as 10 woorde nie.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(1)

IEB Copyright © 2023

1.17 Lees weer die onderskrif aan die einde van die rubriek en skryf dan jou mening neer oor hoe geloofwaardig jy hierdie spreker se mening ag.

______________________________________________________________

______________________________________________________________
(1)

1.18 **MS** Nie almal steur hulle aan die kwessie van aardverwarming nie en beskou dit selfs as sameswеringsteorieë. Verduidelik hoe dit in die spotprent (TEKS 1B in die Addendum) uitgebeeld word.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________
(3)
**[25]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 2 VOORBEREIDE GEDIGTE

Lees die gedig "Verse" deur Carina Stander (Teks 2A in die Addendum) en beantwoord die vrae wat volg:

2.1 Die toon in strofe 3 verskil drasties van die nostalgiese toon wat in die res van die gedig geskep word. Beskryf die **toon** in strofe 3 met 'n enkele woord. Verduidelik jou antwoord aan die hand van 'n **aanhaling** en verduidelik ook watter **biografiese** inligting oor die spreker die leser moet weet om die verandering in toon te verstaan.

(3)

2.2 **MS** Musiek in verskillende vorme speel 'n belangrike rol in die gedig. Verduidelik watter verskillende **konnotasies** deur die loop van die gedig aan musiek geheg word.

(3)

IEB Copyright © 2023

2.3 In 'n onderhoud met **Kyknet** sê Carina Stander dat **wanhoop** (om alle hoop te verloor) die een onderwerp is waaroor sy NIE kan skryf nie. Verduidelik hoe haar beskrywing van die plaas by hierdie stelling aansluit. Betrek die hele gedig in jou antwoord.

(3)

Lees die gedig "'n Brief van hulle vakansie" deur Breyten Breytenbach (Teks 2B in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

2.4 Die ondertoon van die dood wat naderkom word deur die pa se aksies in versreëls 9–13 besweer. Hoe word hierdie aksies **klankmatig** aan mekaar verbind?

(1)

2.5 Verduidelik die beeld wat in versreël 15 geskep word in jou eie woorde.

(1)

2.6 Beskryf die **karakter** van die egpaar soos hulle in versreëls 1–8 uitgebeeld word. Noem ten minste 3 eienskappe en ondersteun jou antwoorde uit die teks.

(3)

IEB Copyright © 2023

2.7 Skryf net **een woord** uit die laaste strofe neer wat aandui hoe die spreker die effek van die weersomstandighede op sy eie ouerwordende lyf ervaar.

________________________________________

________________________________________

(1)

**[15]**

## VRAAG 3 ONGESIENE EN GESIENE GEDIGTE

Lees die gedig "My Pa" deur Joan Hambidge (Teks 3 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae. Let daarop dat die voorgeskrewe gedigte "Verse" deur Carina Stander (Teks 2A in die Addendum) asook "'n Brief van hulle vakansie" deur Breyten Breytenbach (Teks 2B in die Addendum) by hierdie vraag betrek word.

3.1 Watter afleiding kan jy uit die titel maak oor die verhouding tussen die spreker en haar pa? Let veral op die gebruik van die hoofletter by die woord "Pa".

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

3.2 Hoe verskil die openbare beeld van die spreker se pa wat in versreëls 1–7 beskryf word van die beeld wat die spreker self van hom het soos blyk uit versreëls 7–15?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

3.3 Watter ooreenkoms merk jy op tussen die gebruik van die kommas in reël 3 van hierdie gedig in vergelyking met die gebrek aan kommas in versreëls 13–14 in die Breytenbach-gedig?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

3.4 Benoem en verduidelik die beeldspraak wat in reël 19 voorkom.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2023

3.5 Die eerstepersoonsverteller word baie gepas vir die spesifieke inhoud van elk van die drie gedigte aangewend. Watter insigte verleen die gebruik van die eerstepersoonsverteller aan die gedigte?

(2)

3.6 Hoekom is die vrye versvorm na jou mening juis so geskik vir hierdie gedigte? Gee aandag aan ten minste TWEE kenmerke van die vrye vers in jou antwoord.

(3)

3.7 Die sprekers in elkeen van hierdie gedigte bring op 'n besonderse manier hulde aan hulle pa's. Kies een uitsonderlike eienskap van die pa's wat jy in al drie gedigte opmerk. Benoem die eienskap en verduidelik hoe dit in elke gedig verwoord word. Gebruik jou eie woorde, maar ondersteun jou antwoord ook met aanhalings uit elke gedig. Dui duidelik aan uit watter gedig jy aanhaal.

(2)
**[15]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 4 KRITIESE GELETTERDHEID

Bestudeer die koerantbrief (Teks 4A in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

4.1 Die uitdrukking, **'n piepiepot vol geld**, (paragraaf 2) is reeds 'n eufemistiese stelwyse vir 'n uitdrukking wat sekere lesers as kras kan beskou. Hoe sal jy die uitdrukking in Standaardafrikaans stel sodat geen lesers aanstoot sal neem nie?

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

4.2 Waarna verwys die voornaamwoorde **"dit"** en **"ons"** in die laaste sin van paragraaf 2?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

4.3 Die leser is nie seker of die spreker wel die musiek by die konsert geniet het nie. Bewys hierdie stelling en betrek die inhoud van die teks in jou antwoord.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

4.4 Lees weer die slotsin van paragraaf 4.

Bespreek hoe Generasie Z se eie idees/persepsies oor Generasie X en Y hier verkeerd bewys word.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2023

4.5 Wat suggereer die laaste sin aangaande die spreker se ma?

(1)

4.6 Watter idee aangaande die geslag ouer as syself kom na vore uit die spreker se laaste sin?

(2)

Bestudeer die spotprent (Teks 4B in die Addendum) en beantwoord dan die volgende vrae:

4.7 **MS** Die onderskeie generasies het verskillende lewensuitkyke wat kan lei tot groot misverstande. Bespreek hierdie stelling deur na die spotprent te verwys. Betrek ook visuele merkers in jou antwoord.

(3)

4.8 Jy is deel van Generasie Z. Wat is na jou mening jou generasie se grootste uitdagings? Betrek jou eie lewe asook die groter wêreld waarbinne jy leef in jou antwoord.

(2)

IEB Copyright © 2023

Bestudeer die advertensie (Teks 4C in die Addendum) en beantwoord dan die volgende vrae:

4.9 Is dit na jou mening geregverdig dat generasie Z ook die slimfoon-generasie genoem word? Motiveer jou antwoord.

(2)

4.10 Hoe betrek hierdie advertensiekop/opskrif die leser/koper?

(1)

4.11 Op watter manier sou die verbruiker die adverteerder kon kontak? Noem ten minste een manier en staaf jou antwoord uit die advertensie.

(1)

4.12 **Die Samsung Galaxy S7 vervul elkeen van hierdie behoeftes en meer.**

4.12.1 Die bostaande sin is in die bedrywende vorm geskryf. Motiveer waarom dit 'n geskikte keuse is.

(1)

4.12.2 Skryf die sin oor in die lydende vorm.

(1)

IEB Copyright © 2023

4.12.3 Verduidelik hoe die gebruik van die lydende vorm die boodskap van die advertensie moontlik beïnvloed.

(2)

4.12.4 Uit hierdie sin is dit duidelik dat die adverteerder bewus is daarvan dat die kliënt meer as net 'n gewone foon wil hê. Na watter behoefte van jou generasie, dink jy, verwys die woorde "en meer"?

(1)

4.13 Skep 'n goeie Afrikaanse alternatief vir die leuse "Samsung – A way of life".

(1)
**[25]**

## VRAAG 5 REDIGERINGSVAARDIGHEDE

Lees die berig "Namibiërs presteer in IEB-ISS-eksamens" deur Irene-Marie van der Walt (Teks 5 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

5.1 In die eerste paragraaf van die berig ontbreek aanhalingstekens by mnr. Wouter Niehaus se opmerking. Skryf die sin waarin die aanhalingstekens weggelaat is korrek neer.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

5.2 In die paragraaf wat oor Gerhard Koen handel klink die vetgedrukte sin effens omslagtig. Skryf die sin oor en vervang oortollige voegwoorde met 'n gepaste leesteken.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

5.3 Vervang die informele omgangstaal in die paragraaf oor Marion Botma met Standaardafrikaans.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

5.4 In die paragraaf oor Juan Botha is daar 'n spelfout wat onder die invloed van Engels begaan is. Skryf die woord korrek neer.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

5.5 In Jacob Mostert se paragraaf is 'n spelfout met betrekking tot die verdubbeling van die medeklinker gemaak. Skryf die woord korrek neer.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2023

5.6 In die beskrywing van Anja Spangenberg kom daar twee losstaande woorde voor wat vas geskryf moet word. Skryf die woord korrek neer.

______________________________________________

______________________________________________

(1)

5.7 Die laaste sin in die gedeelte oor George Adamson is verwarrend. Skryf die hele sin oor sodat die betekenis daarvan duideliker is.

______________________________________________

______________________________________________

(1)

5.8 'n Koppelteken ontbreek by 'n woord in Anrie Booysen se gedeelte van die berig. Skryf die woord korrek neer EN skryf ook waarom die koppelteken hier nodig is.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

(2)

5.9 Heelparty van hierdie matrikulante gaan aan die NWU studeer. Kies die opsie hieronder wat NIE 'n aanvaarbare volvorm vir die afkorting NWU is nie. Skryf net die letter van jou keuse neer.

A Noordwes-universiteit
B Noordwes Universiteit
C Noordwes Universiteit
D Noord-wes-universiteit

________

(1)
**[10]**

## VRAAG 6 OPSOMMING

**Situasie:**

Jy is deel van 'n komitee wat 'n groot musiekfees vir jou dorp reël. Julle verwag dat die gehoor van hierdie fees uit persone van alle ouderdomme sal bestaan. Jy reken om die jonger gehoor te lok, behoort julle die kletsrymer ("rapper") Early B na die fees te nooi. Die ouer garde in die komitee is nie bekend met hierdie kunstenaar nie en is ook bekommerd dat sy musiek 'n negatiewe invloed op die dorp se jonges sal hê. Jy kry by die volgende komiteevergadering 'n kort spreekbeurt waartydens jy die kunstenaar aan die komitee moet voorstel.

**Opdrag:**

Gebruik "Early B kry die wurm" (Teks 6 in die Addendum) as bron en skryf die kort toespraak wat jy voor die komitee sal lewer. Om die res van die komitee te oortuig, is dit noodsaaklik om in jou voorstelling te fokus op die goeie hoedanighede, suksesse en lewenswaardes van die kunstenaar.

**Let wel:**

- Begin jou toespraak met die volgende inleiding wat jy NIE by jou woordtal inreken NIE:
  - ***Dames en Here,***
  - ***Dit is vandag my voorreg om die kletsrymer Early B aan u voor te stel ...***
- 'n Opskrif of titel is onnodig omdat jy 'n toespraak skryf.
- Jou toespraak moet tussen 90 en 100 woorde lank wees.
- Dui jou totale woordtelling onder jou teks aan.
- Tel alle woorde, ook lidwoorde (die en 'n).
- Jou inhoud moet uitsluitlik uit die teks kom – moenie jou eie idees byvoeg nie.
- Jou toespraak behoort 8–10 feite in te sluit.
- Skryf in volsinne en in informele taal.
- Engelse woorde en sleng is nie aanvaarbaar nie.
- Jou toespraak sal volgens 'n metingskaal beoordeel word.

IEB Copyright © 2023

**[10]**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2023

**BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2023

IEB Copyright © 2023

IEB Copyright © 2023